Jim van Tonderskool

FONDSINSAMELINGSNR.: 02 200587 000 0

Tel.: 017 647 2606
017 647 5987
Webblad/Webpage: jimvantonder.co.za
E-pos/E-mail: info@jimvantonder.co.za

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak/Private Bag X1007
BETHAL, 2310

30.01.2026
01 van 2026

Geagte Ouers / Voogde

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

1. SKOOL

1.1 BELANGRIKE DATUMS

4 Februarie	Bloedskenk
12 Februarie	Atletiek: Byeenkoms - Tuis
13 Februarie	Fondsinsameling: Valentynsdag
20 Februarie	Atletiek: Top 20 te Fakkelskool
25 Februarie	Atletiek: Interskole te George Hofmeyr

1.2 SKOOLREKENINGE

- Ouers met agterstallige skoolfonds vir 2025 wat nog geen reëlings van betaling getref het nie, word versoek om **dringend per e-pos** met die finansiële kantoor in verbinding te tree, om 'n reëling te tref by **finances@jimvantonder.co.za**.
- Neem asseblief kennis dat **alle uitstaande rekeninge van 2025 op 15 Februarie 2026 aan prokureurs oorhandig sal word**. Indien u onder die indruk is dat 'n reëling reeds in plek is, versoek ons u om ons nietemin per e-pos te kontak om dit te bevestig.
- Indien u skoolfonds betaal het, en dit nie op u rekening verskyn nie, versoek ons dat u die **bewys van betaling**, tesame met **volledige leerderbesonderhede**, per e-pos aan **finances@jimvantonder.co.za** sal stuur sodat die nodige regstelling gedoen kan word. Ons ondervind gereeld dat die **korrekte rekeningnommer nie as verwysing gebruik word nie**, wat die allokasie van betalings bemoeilik.
- Ons ondervind gereeld dat die **skoolfonds-rekeningnommer gebruik word vir die betaling van buskaartjies**. Indien u opmerk dat **busgelde op u skoolfondsrekening verskyn**, versoek ons u vriendelik om die finansiële kantoor **per e-pos by finances@jimvantonder.co.za** in kennis te stel sodat die nodige regstelling gedoen kan word. Ons versoek u verder **dringend** om voortaan die verwysing te verander en **"Roete + Bus"** as verwysing te gebruik om korrekte allokasie van betalings te verseker.
- Indien u **skoolfonds en busgelde gesamentlik** betaal, versoek ons u om 'n **e-pos te stuur aan beide finances@jimvantonder.co.za en bus@jimvantonder.co.za**, met 'n **duidelike uiteensetting van die bedrae**, sodat die allokasie korrek en vlot kan geskied. Indien geen sodanige kennisgewing ontvang word nie, sal **alle betalings outomaties teen u skoolfondsrekening geallokeer word**.

Graag wil ons dié ouers wat gereeld betaal en op datum is, bedank. Ons opregte waardering daarvoor.

1.3 SKOOLGELD VIR 2026:

Die skool herinner hiermee ouers aan die skoolgeld vir 2026.

Skoolgeld	-	R580.00 per maand (betaalbaar oor 10 maande) R5 800.00 per jaar

BANK BESONDERHEDE

Rekeningnaam	-	Jim van Tonder Skool
Bank	-	ABSA
Takkode	-	632005
Rekeningnommer	-	0760 420 018

Neem asseblief kennis dat die bankrekeninge verskillende rekeningnommers het.
ALLE DEPOSITO'S MOET 'N GELDIGE VERWYSING HÊ.

Donasies aan: JIM VAN TONDERSKOOL OPVOEDKUNDIGE FONDS aftrekbaar van inkomstebelasting vlg. Artikel 18a van die Inkomstebelastingwet.

1.4 BUSTARIEWE

Slegs busgelde vir die volgende roetes moet asb in die skool se rekening inbetaal word:

Roete	Koste
Trichardt, Secunda, Kriel, Evander	R 190.00 per boekie 10 kaartjies
Bethal	R 90.00 per boekie 10 kaartjies
Ermelo	R 110.00 per enkel rit
Hendrina	R 100.00 per enkel rit
Morgenzon	R 50.00 per enkel rit
Volksrust	R 130.00 per enkel rit
Trichardt, Secunda, Kriel, Evander	R 190.00 per boekie 10 kaartjies

BANKBESONDERHEDE:

Rekeningnaam	-	Jim van Tonderskool
Bank	-	ABSA
Takkode	-	632005
Rekeningnommer	-	0760 420018
Verwysingsnommer	-	Kind se naam en van, bus [Busroete naam].

1.5 BEURSAANSOEKE

Beursvorms kan by die skool afgehaal word. Alle nodige dokumentasie moet saam die aansoek ingegee word. Onvolledige aansoeke sal nie aanvaar word nie. Die sluitingsdatum vir die **inhandiging** van aansoeke is 6 Februarie 2026.

1.6 SKOOLKLERE EN PRYSE

Ons wil ook u herinner aan ander skooldrag wat u kind benodig vir 2025. Die items is verpligtend en geen ander tipes is toelaatbaar nie.

<table>
<tr><th colspan="4">Skooldrag vir die Somer</th></tr>
<tr><th colspan="2">Dogters</th><th colspan="2">Seuns</th></tr>
<tr><td> </td><td>Grys 6-baan skoolromp.

Wit oopslaan hemp.
(Indien 'n kortmou knoophemp gedra word moet 'n das daarby aangetrek word)

Kort wit sokkies.

Swart skoolskoene.

Swart en geel moulose skooltrui.

Swart skoolbaadjie met wapen / swart baadjie beskikbaar by Jasworth Sports in Bethal.

Slegs 6-baan skoolrompe is toelaatbaar.

Lengte van romp: soomlyn gekniel 10cm van vloer.</td><td> </td><td>Grys kortbroek / Langbroek.

Wit oopslaan hemp.
(Indien 'n kortmou knoophemp gedra word moet 'n das daarby aangetrek word)

Swart / grys skoolkouse.

Swart skoolskoene.

Swart en geel moulose skooltrui.

Swart skoolbaadjie met wapen / swart baadjie beskikbaar by Jasworth Sports in Bethal.</td></tr>
<tr><td colspan="4">Koste vir items wat by die skool aangekoop kan word:

Das R 100.00
Moulose trui R 180.00
Skooltrui R 200.00
Skoolbaadjie R 350.00
Gholf T-hemp R 250.00 (XS-2XL)
Sport sweetpak R 650.00 (XS-2XL)</td></tr>
</table>

Die items is sleg by die skool beskikbaar en kan in die kantoor betaal word. Kontak Mev Roux vir meer inligting.

2. KOSHUIS

2.1 FINANSIES 2026

2.1.1 ADMINISTRASIE FOOI

Daar is 'n verpligte R400.00 administrasie fooi betaalbaar aan die begin van Januarie 2025. U moet die R400.00 betaal al kry u 'n 100% koshuisbeurs.

2.1.2 LOSIESGELDE VIR 2026

Die losiesgelde is R2 220.00 per maand vir 10 maande. U moet reeds die begin Januarie die eerste maand se losiesgelde betaal. Alle losiesgelde is vooruitbetaalbaar.

2.1.3 UITSTAANDE LOSIES

Geen kind met enige uitstaande losies of R400.00 administrasie fooie vir 2025 sal in 2026 in die koshuis toegelaat word nie.

2.2 SLOTTE

Maak asseblief seker dat u kind 2 slotte het. Dit bly elke kind se verantwoordelikheid om sy kas en kamer te sluit.

2.3 BEURSE

Beursvorms is beskikbaar by die skool. U moet asseblief vroegtydig aansoek doen vir 'n beurs in 2026. Neem kennis dat die **inhandiging** van die beursaansoeke sluit op Vrydag, 6 Februarie 2026. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

2.4 VANDALISME

Daar is tans 'n ernstige probleem ten opsigte van vandalisme in die koshuis. Indien u kind hom/haar skuldig maak aan vandalisme, sal die kostes van u as ouer verhaal word. U kind sal ook vir 'n volle maand uit die koshuis geskors word soos uiteengesit in die koshuisgedragskode.
Dankie vir u samewerking.

2.5 ROOK

Indien u as ouers die leerlinge toelaat om by die huis te rook, vererger dit die huidige probleem. DA Müllerkoshuis is 'n rookvrye area. "Vape" raak 'n baie groot en ernstige probleem in die koshuis. Baie leerders beweer dat hulle ouers hulle voorsien van die "vapes". Dit is 'n oortreding van die Rookwet en dus sal daar baie ernstig teenoor die leerders opgetree word. Kan u as ouers ons asb ondersteun in die saak.

2.6 SKOOLDRAG

Kan u as ouers asseblief help en seker maak dat u kind met die korrekte skooldrag terugkeer na 'n naweek. Baie kinders kom met 'n verskoning dat die skoolskoene en klere by die huis vergeet is; dan loop hulle die hele week met verkeerde klere. Dankie vir u ondersteuning.

2.7 AANMELD BY KOSHUIS OP SONDAE

Geen leerders sal na 19h00 in die aande toegelaat word nie. Aandete op Sondae word om 17h00 bedien. Indien u na 17h00 arriveer, sal geen aandete vir die leerder beskikbaar wees nie.

2.8 KOSHUIS BANK DEPOSITO'S

- Daar word tans heelwat deposito's gedoen met geen of verkeerde/onbekende verwysings. Indien u 'n deposito doen en die verwysing is verkeerd, gaan ons nie die inbetaling na u rekening kan kanaliseer nie en gaan u rekening dus as agterstallig reflekteer.
- Verwysings moet u korrekte rekeningnommer of u kind se volle naam en van wees.
- Geen busgeld mag meer in die koshuisrekening betaal word nie.

2.9 BELANGRIKE KOSHUIS KONTAK BESONDERHEDE

Skool	-	017 6475987
		017 4220322
Koshuis e-pos	-	damullerhostel@jimvantonder.co.za
Koshuisvader	-	Mnr Bornman 082 337 1645 **(SLEGS IN NOODGEVALLE)**
Dissipline	-	Mnr. Sibanda 083 418 5579

Alle skool- en koshuisnavrae gedurende skoolure.

Die uwe,

MEV M KRÜGER
HOOF